



Verwysing: 20161102-5762
13/8/3
Navrae: TJ Magwaca

Assesseringsbestuursminuut: 0013/2016

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Adjunkdirekteure; Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Vakadviseurs; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges; Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4-eksamens voorberei

Onderwerp: Verwydering van vraestelle en eksamenmateriaal uit instapkluse op die dag van die eksamen

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het onlangs gesofistikeerde druk- en verpakkingsmasjiene vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (AOO) Vlak 4-vraestelle aangeskaf.
2. Daarom versoek ons prinsipale/sentrumbestuurders en/of hoofopsieners om meer opletterend te wees wanneer vraestelle uit instapkluse verwyder word en voordat vraestelle aan kandidate uitgedeel word.
3. Prinsipale/sentrumbestuurders en/of hoofopsieners word versoek om seker te maak dat die volgende stappe gevolg word wanneer vraestelle uit instapkluse verwyder word:
 - 3.1 Prinsipale/sentrumbestuurders en/of hoofopsieners moet seker maak dat vraestelbesendings per sessie verpak en sessiebokse tot 'n uur voor die aanvang van die genoemde sessie verseël is.
 - 3.2 'n Ur voor die aanvang van 'n eksamen moet die prinsipaal/sentrumbestuurder die hoofopsiener (indien die hoofopsiener se verantwoordelikheid gedelegeer is) en die senior vakonderwyser na sy of haar kantoor ontbied.
 - 3.3 Hulle al drie moet die NSS- of OOV Vlak 4-rooster raadpleeg om die vraestel wat geskryf en die sessie waartydens dit geskryf gaan word te bevestig.

- 3.4 Die hoofopsiener en senior vakonderwyser moet die prinsipaal/sentrumbestuurder vergesel om die korrekte boks of seilsak met die Smart Locking Logic (SLL) se elektroniese seël wat vir daardie bepaalde eksamensessie gemerk is uit die instapkluis te verwyder. Slegs die prinsipaal/sentrumbestuurder mag die instapkluis betree. Die instapkluis moet dan weer gesluit word.
- 3.5 Die verseëelde boks of seilsak moet na die prinsipaal/sentrumbestuurder se kantoor geneem word. Die verseëelde boks of seilsak moet teenoor die rooster geverifieer word. Sodra dit geverifieer is, moet die boks/seilsak oopgemaak word. **Elke toeplaksak (binnesak) moet ONAFHANKLIK deur al drie persone vir die korrekte vak en sessie nagegaan word.** Slegs die buitenste sessiesak moet in die prinsipaal/sentrumbestuurder se kantoor oopgemaak word.
- 3.6 Die register moet dan in die prinsipaal/sentrumbestuurder se kantoor geteken word om sodoende te bevestig dat die toeplaksakke nagegaan is en dat die vak en vraestel by die sessie en eksamenrooster pas.
- 3.7 Die toeplaksakke moet weer in die buitenste sak teruggeplaas en na die eksamenlokaal geneem word.
- 3.8 Sodra al die kandidate hul sitplekke ingeneem het en die antwoordboeke uitgedeel is, moet die eksamenreëls hardop voorgelees word. Twee kandidate moet dan gekies word om te bevestig dat die korrekte vraestelle na die eksamenlokaal gebring is.
- 3.9 Elke toeplaksak moet vir die twee kandidate gewys word om te bevestig dat die korrekte vraestelle in die sakke is. Die twee kandidate moet 'n register in die eksamenlokaal teken.**
- 3.10 Die toeplaksakke kan nou oopgesny en die vraestelle aan die opsiener/s by die hoof tafel oorhandig word. **Elke opsiener MOET deur sy/haar pak vraestelle gaan om seker te maak dat dit die korrekte vak en vraestel bevat.** Sodra die finale kontrole afgehandel is, mag die vraestelle aan die kandidate uitgedeel word – met die rugkant na die kandidaat toe.
- 3.11 Indien u 'n verkeerde vraestel ontdek tussen die vraestel/le wat geskryf moet word, word u versoek om die betrokke vraestel onmiddellik te verseël en seker te maak dat dit veilig in die instapkluis toegesluit word. Rapporteer dit onmiddellik aan mnr Blackie Swart by 082 409 8820 of 021 467 2057.

3.12 Weereens word die prinsipale/sentrumbestuurders en/of hoofopsieners versoek om seker te maak dat al die bogenoemde stappe nougeset gevolg word voordat elke kandidaat 'n afskrif van die vraestel ontvang.

GETEKEN: BK SCHREUDER

WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2016-11-07